



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 2/20
Newsletter of the VOC Foundation

*Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregisteer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika.
*The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It registered as such with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.
*Internet: www.kaap-voc.org. E-pos/E-mail: vocinfo@voc-kaap.org Skakel/Contact: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com. Finansies /Finance: mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. Bank: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Van die Redaksie: Onder kwarantyn

*Wonder u miskien oor die oorsprong van die woord ‘kwarantyn?’ ‘*Quaranta giorni*,’ 40 dae, in die Sewentiende eeuse Italiaans. Die destydse toename in internasionale skeepvaart het die verspreiding van aansteeklike siektes vergemaklik en nuwe beheerstelsels nodig gemaak. Die getal 40 het sterk Bybelse skakels; miskien kom dit so uit Moses se gesondheidsvoorskrifte vir sy swerwende Israeliete, in die boeke Numeri en Deuteronomium.

* Waarom is ons Nuusbrief laat? My rekenaar ('Seun van HAL') het twee weke gelede week totaal op sy eie besluit om net kursief te skryf. Ek het boererate probeer, maar tevergeefs. Die tegnikus op huisbesoek kon net sê: 'Ek het nog nooit so-iets gesien nie,' en sy skokkende rekening voorgelê. Jean kon die fout uiteindelik herstel, en hier is hy nou: *Generale Missive 2/20*. Lekker lees.

*Vanjaar het die Chinese Griep ons bewarings- en opvoedkundige aktiwiteit erg onderbreek. Ons kon ook nie ons verpligte Algemene Jaarvergadering hou of enige van ons gewilde kwartaalkse VOC-lesings of uitstappies na historiese VOC-plekke aanbied nie. Ons weet dat ons lede entoesiasties is en versoek hulle om asseblief geduldig te wees totdat die Griep en die Regering dit moontlik maak om weer in die openbaar op te tree.

*Maar die lewe moet voortgaan. Op 29 Mei het ons die geskeduleerde kwartaalklike Komiteevergadering gehou – op internet, nogal. Getrou aan die voorskrif was ons sosiale / fisiese afstande perfek, want ons het kilometers van mekaar af gesit. Dit was 'n dapper poging, maar nie totaal suksesvol nie en ons probeer nou om 'n beter werksmetode te vind. Die volgende komiteevergadering is vir 28 Augustus 2020 bestem. Ons bestuurskomitee is erg verswak en ons Stigting VOC, die geheue van die 'beroemde' en 'berugte' VOC in Suid-Afrika - ons vermy standvastig sulke subjektiewe abstraksies - bly nog die enigste van sy soort in die land. Die werk moet voortgaan.

* Soos gebruiklik het ons Kamer 'n groete-boodskap op 'Betawidag' aan ons susterskamer VOC Genootschap De Haagsche Besoygnes in Nederland gestuur. Op dié dag, 30 Mei herdenk hulle 'n belangrike gebeurtenis in die Nederlandse geskiedenis, die dag in 1619 toe Jan Pietersz Coen die stad Jacatra op Java-eiland vir die VOC se gebriuk afgeneem het van die Sultan van Bantam en sy Engelse bondgenote onder Sir Thomas Dale. Dié gebeurtenis het dieselfde betekenis as Van Riebeeck se nedersetting in Tafelbaai in 1652, op 'n internasionale skaal. Die stad Jacatra is tot Batavia hernoem; dit het tot ná die Tweede

Wêreldoorlog die hoofstad van die Nederlandse koloniale ryk gebly. Kamer Haagsche Besoognes herdenk jaarliks die gebeurtenis met 'n formele dinee in Den Haag en onder ander 'n heildronk op ZM Koning Willem, gevvolg deur drie luide uitroope van Hoezee!

*Die datum van ons verpligte Algemene Jaarvergadering kan nog nie bepaal word nie,. Ons moet u ten minste drie weke vooraf daarvan kennis gee; die Agenda met alle nodige inligting daaroor sal u mettertyd per **Roeper** bereik.

*Ons vriend Tycho Maas sou op 2 Junie 2020 aan die Universiteit van Amsterdam promoveer. Sy hoofpromotor (Proefskrif: 'The Cape Khoi in pre-1652 European travelogues, an Early Modern Latin letter and the South African novel *Eilande* (2002)' was Prof. Ena Jansen. Tycho sou soos gewoonlik sy proefskrif in die openbaar verdedig, ondersteun deur twee paranimfe en sy nabye familielede, gevvolg deur 'n gesellige borrel in die Café De Jaren in Die Nieuwe Doelen Straat, Amsterdam. Maar die Chinese Griep het daar ook ingegryp; die openbare verdediging (paranimfe en al) het toe in die Jan van Riebeeck-huis in Culemborg plaasgevind, (Wel gekose, en veels geluk Dr Maas!) die verrigtinge was op die Zoom-platform op You Tube te sien.

Afrede van Komiteelid Con de Wet



Tot ons spyt het ons Stigterslid Dr Con de Wet om gesondheidsredes uit die Uitvoerende Komitee bedank. Dr de Wet se D.Phil-proefskrif 'Die vry bevolking in die Kaapse nedersetting, 1657-1707' (Universiteit van Stellenbosch) is in 1981 gepubliseer as *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting*, (Historiese Publikasie-vereniging, Kaapstad, 1981.) Dit is 'n oorspronklike, uitgebreide en indringende studie met interessante gevolgtrekkings en nuttige statistiek. My persoonlike eksemplaar van dié rare stuk Africana is geteken: 'Met komplimente GC de Wet, 3-3-1982.

Myns insiens was Con se grootste bydrae tot die Suid-Afrikaanse en internasionale VOC-geskiedskrywing sy uitstekende werk as redakteur van die gepubliseerde *Resolusies van die Politieke Raad, deel V (1716-1719) - deel X (1740-1743)*. In opdrag van die destydse Direkteur van Argiewe se Publikasie-afdeling het hy dié taak by Dr A.J. Böeseken oorgeneem, wat redakteur van die eerste vyf dele was. Van 1964 af tot 1984 het hy die handgeskrewe resolusies C10 - C35 in die Kaapse Argief met 'n eenvoudige tikmasjien oorgetik, van voetnotas voorsien en dit persklaar gemaak; in die proses het hy veel kennis oor die VOC se internasjonale werksamhede opgedoen. Die hoogs-betroubare tiendelige gepubliseerde resolusies was, tot die digitalisering daarvan vroeg in die 21 ste eeu, van onskatbare waarde vir navorsers wat nie die Argief kon besoek nie. Die kosbare volumes is destyds deur die Staatsdrukker vir 'n appel en 'n ei verkoop; deel V het by voorbeeld in 1964 net R7.90 gekos, wat vandag die prys van twee klein appels of twee mediumgrote eiers is.

Hy was ook die voorsittende redakteur, met prof. L. Hattingh en dr J. Visagie, van ons groot projek, *Die VOC in Suid-Afrika. 1652-1795*, wat in 2016 by Protea Boekhuis verskyn het. "Ons is dit aan die Kompanjie verskuldig," was hul leuse.

Con was 'n kwarteeu gelede een van ons oorspronklike Stigterslede; vir ons was dit 'n eer en voorreg om die Hoof van die Wes-Kaapse Argiefbewaarplek as lid van ons Uitvoerende Komitee te hê. Hy was baie getrou in sy bywoon van die Stigting se vergaderings, maar het ook waardevolle werk gedoen op die bestuur van die Van Riebeeck-

vereniging (nou hernoem tot Historiese Publikasies Verening van S.A.), onder andere as mede-redakteur: Seleksies. Op sy voorstel is Stigting VOC se Silwer Medalje in 2006 aan Prof. Gerrit Schutte toegeken; hy het die commendatio geskryf (geen eenvoudige taak in die geval van 'n akademikus met die internasionale status van Prof. Schutte nie) en het dit ook in die Kasteel aan die gehoor voorgedra. Ons bedank graag ons kollega en vriend Con de Wet vir sy lang, aktiewe en getrouwe diens; sy uittrede laat 'n vakature op ons bestuurskomitee.

Een meisje loos: Vroulike matrose in die VOC se diens

*'Daar was laatst een meisje loos
Die zou gaan varen voor matroos...'*

So begin 'n bekende rympie uit die VOC-tyd oor vroue wat hulle as mans vermom het om as matrose op die Kompanjie se skepe te werk. Wat het hulle gemotiveer, was die drang na die Ooste soortgelyk aan die van mans, en het die Klein Ystyd ook daartoe bygedra? Teen die tyd dat ons Generale Missive 3/20 verskyn, sal my kort artikel oor dié fenomeen, wat ongeveer 120 radeloze en dikwels hopeloze vrouens betref, vir publikasie gereed wees.



VOC-genealogie

Dr Gawie Botma, Voorsitter van die Joernalistiek Departement by die Universiteit van Stellenbosch skryf (onder ander): '... my belangstelling in genealogie het uitgekrag na die VOC en veral die 17de eeu aan die Kaap....' Hy wonder of daar 'n fokusgebied is wat nog onderontgin is, waar navorsing nodig is. Ons Stigting stel belang in alle vorms van VOC-navorsing; die bronne is amper onuitputlik. Ek weet dat van ons lede in die genealogie belangstel. Persoonlik dra ek nie veel kennis op dié vakgebied nie en my genealogiese navorsing was beperk tot die Mauritiusvaarders (1672) en die Moordkuil-slagoffers (1677). Ook wonder ek soms of Simon van der Stel se ouma werklik mesties was - die Portugese familienaam 'Da Costa' is tog wyd bekend, honderde jare oud en beteken nie noodwendig 'van die kus' nie, die verwysing is eerder na 'rib,' soos in 'ribbekas.' Ons lede wat voorstelle het oor Dr Botma se navraag is welkom om aan hom te skryf. Ek hoop dat julle gesprek op ons Stigting se webwerf sal floreer.

De Duijntjes: VOC-kennis van die aardbol verdwyn




Foto: E.v.Stade, 1710. Grote Atlas

Van die aarde verdwyn maar, soos veel ander rare inligting nie uit die VOC-argief nie. De Duyntjes was 'n bekende Kaapse landmerk en verwysingspunt in die Pionierstyd, waar onder ander die huise van die Strandlopers gestaan het toe Autshomao hul leier was. De Duyntjes bestaan al lank nie meer nie en as pleknaam is dit nou ook onbekend. Hoë Kommissaris H.A. van Reede tot Drakestein, wat in 1685 deur Here Sewentien gestuur is om die bestuur van die VOC se gehele talassokrasie te ondersoek en reg te stel, se dagjoernaal bevat 'n rare beskrywing van Die Duyntjes:

'Woensdag, 9de: Teen die aand wandel ons na die sandberge De Duintjes genaamd, geleë aan die uitstekende hoek wat die (Tafel-) baai Weswaarts vorm. Dit is niks anders as sandduine, geleë aan die Leeuwenberg se voet, langs die see, met 'n basis van klipsteen, sonder 'n strand, omtrent 'n myl lank en 'n halfmyl breed, taamlik hoog en bestaande uit baie fyn sand, wat ongetwyfeld deur die sterk, droë suidoostewind daar opgehoop is. Uit die ligging van die duine is duidelik dat al die fyn stof en sand van die vallei en strand deur 'n teenwind wat van die Leeuberg af waai op daardie plek deur dwarrelwinde teë gehou word en ophoop, anders sou die duine wel verskuif het. De Duijntjes beskut die baai teen Westewinde, maar is onder skoot van 'n vyand geleë, dit bedreig dus die Kasteel en beheer die skepe op die rede totaal. Dog, gedurende die dag kan die Kasteel se kanonne so-iets belet. De Duintjes bly nie altyd op dieselfde plek of van dieselfde hoogte nie, maar word soms deur die wind verander, behalwe daar waar dit deur riete en kreupelbos begroeï is. Die burgers se huise naaste aan die strand is al tot dig daarby gebou.

[A.Hulshof (red.): *H.A. van Reede tot Drakestein, Journaal van zijn verblijf aan de Kaap.* (Utrecht, 1941.) pp. 86-87.] (Vertaling: D.Sleigh. Op meegaande foto van E. v. Stade se skets uit 1710 is De Duijntjes te sien, sowel as die galg op die Galgeheuvel.)

VOC-matroos Samuel Oertel, Kaapse stamvader op BBC TV

V. A. 1789 Voor Amsterdam	
1789. 3 Januari D'De Eng. 39. A. - of Ym. 27. D'g. 2. 8. 0 2nd Wanden 7. 8. 9. 2. 10. 0 dat aangesluit is tot heden dat van Indië tot die 2 Cabo Dagobetrekking mitteelt te Rustyf of he quaad	39. A. - 450. 11. -
1790. " " "	169. K. -
1790. " " " min 7 myl vande oost g. 11. 9. tot 1. 18. 2. 13. 11. C. 12. " " " 286 " " 125. 11. 11. C.	150
1791. " " " 150. f. deingia schuld 30. 5. 5. 4. 4. 12. M.	149. 30. 5. 5. 9
1792. " " " 156. met 12. M. 1793. " " " 12. M. am g. 200. 2. 7. 5	619 " 156. " " " 10


R/ blad: Uitloopboek, skip Noort-Holland van kamer Amsterdam. Nationaal Archief, Den Haag.

Dit lyk of ons nuwe webwerf goed werk. Navrae kom van ver en wyd aan oor interessante aspekte van die Kaapse VOC-geschiedenis. Wie soek na die VOC- matroos Samuel Veit Oertel / Urtel, 'n Duitser wat in 1789 by Kamer Amsterdam aangesluit het? Die BBC wou by ons oor hom weet. U is miskien bekend met die BBC-TV-reeks '*Who do you think you are?*' waarin 'n bekende persoon soos Margaret Thatcher, Donald Trump of JK Rowling ('*Harry Potter*') se herkoms nagespeur word, wat soms in 'n doodloopstraat eindig (dikwels waar 'n aanneming ter sprake was) en soms met onverwagte gevolge, wanneer die familiekronek hervertolk moet word. ('Uncle Edward occupied a chair in Applied Electronics at a Government institution. His death at an early age came as a big shock'. Oom Ed was in werklikheid 'n bankrower wat in die elektriese stoel gesterf het...) Die samestellers van '*Who*

do you think...' werk nou aan die negentiende reeks. Ons weet nie watter Oertel voorvader Samuel se vooraanstaande nasaat is nie, maar met die ontleding en vertolking van dokumente en inligting insake die ou voorvader self kon ons die BBC effens help. Op die regterhandse bladsy van sy skip se uitloopboek in die Nationaal Archief, Den Haag staan, sekretarieël afgekort, die verhaal van nog een Oosterse droom wat in die Kaapse hospitaal gestrand het: '**1789. 3. Jann. Pr. D'E Compe. f39.4.- of 7m:-27d: gag: á f8 p md. van den 7. Augs. Ao. po. dat uitgezeild is tot heeden dat door Indispositie à Cabo de goede Hoop int Hospl. verblyft.**'[Vertaling: '3 Januarie 1789. Per de Edele Compagnie f39.4. of 7 maande 27 dae salaris teen f8 per maand van die 7 Augustus toe hy uitgeseil het tot vandag dat hy deur siekte by Kaap de Goede Hoop in die hospitaal agtergebleef het.' D.S.]

Dit is die verhaal van vele Suid-Afrikaanse voorvaders. Oertel was later o.a. bode van die VOC se drostdy op Graaff-Reinet, toe die burgers in Januarie 1795 teen die regering gerebeleer het. Die rebelle stel hom toe aan as waarnemende Sekretaris van hul 'Vrije Republiek.' In 1799 werk hy nog daar as Sekretaris vir die Engelse regering, en kon as 'n deeltydse boer 'n wa en span osse aan die regering verhuur.

Afrikaans reeds voor Van Riebeeck?



J. Schmalkalden: Kaap de Goede Hoop, 1648. Grote Atlas.

Volgens 'n nuwe (2016) teorie oor die ontstaan van die Afrikaanse taal word mondelinge kontak tussen Kaapse Koina en VOC-skeepsbemannings vóór Van Riebeeck (1652) beskou as die oorsprong van Koina-Afrikaans, die lingua franca van die VOC en Kaapse inboorlinge én die oorpronklike bron van Afrikaans. Die 363 skepe uit Nederland wat tussen 1610 en 1650 in Tafelbaai geanker het, word as basisbron beskou. Genoemde getal skepe verskil van die 264 (182 uitvarend, 82 tuisvarend) skepe vir dieselfde tydperk wat in DAS dele II en III aangeteken is.¹ Vanselfsprekend is dit ten opsigte van taalaanwinst nie nodig om tussen uitvarende en retroerskepe te onderskei nie, maar die formulering laat belangrike praktiese oorwegings buite rekening, wat die getal geleenthede vir Kaapse Koina om Nederlands te verwerf sterk sou verminder.

Uitvarende skepe - die oorlewendes - het drie keer per jaar met viermaandelikse tussenpouses die Kaapse reede bereik en gemiddeld 18 dae vertoeft; die tuisvarend oorlewendes (indien wel, want verskeie vloete het verby gevaaer) net een maal in twaalf maande, met 'n gemiddelde verblyf van 13 dae.² Dit beteken gemiddeld 31 dae per jaar vir taalaanwins, en 311 dae daarsonder. Die aantal retroerskepe (82, volgens DAS III), in die genoemde tydperk kan in 27 identifiseerbare vloete verdeel word,³ en dit was gebruikelik dat elke skip in 'n vloot afsonderlik sy brandhout, groente en water uit die omgewing versamel sonder om met inboorlinge daaroor te onderhandel. Ten opsigte van vleis is dit redelik om aan te neem dat net een of twee senior skepelinge as onderhandelaars namens die vloot die beste pryse met die inboorlinge vir lewende en geslagte vee sou beding; hulle was ook nie noodwendig Nederlands-sprekers nie, maar kon byvoorbeeld Duitsers of Skandinawiërs wees. Die gemiddelde lewensverwagting van tydgenootlike Koina is onbekend, en as aanvaar word dat hoofsaaklik volwasse Koina met skepelinge kontak gemaak het, moes die verlies van verworwe kennis deur afsterwing in die genoemde veertig jaar (1610-1650) hoog gewees het. Kontak tussen die partye was nie altyd vriendelik nie, soos in Schmalkalden se tekening hierbo te sien is.

Hoeveel tyd besoekers aan wal kon deurbring is ook 'n raaisel; die Suidewind is soms vir dae lank so sterk oor die baai dat geen seil- of roeiskuit dit op die water kon waag nie.

Om bogenoemde redes sou daar myns insiens vóór Van Riebeeck minder betekenisvolle geleenthede vir die aanleer van Nederlands op die Tafelbaaise strand gewees het as wat in die aangehaalde artikel geïnsinueer word, en méér daarna. [Nota: Kommentaar op my tentatiewe afleidings word verwelkom. D.S.]

-
1. C. van Rensburg: *Die vroegste Khoi-Afrikaans, in Tydskrif vir Geesteswetenskappe. Jaargang 56, no.2-1, Junie 2016.*, p.458; J. Bruijns, F. Gaastra and I. Schöffer, (eds.): *Dutch-Asiatic Shipping vol.II*, pp.26-104; *Ibid., vol. III*, pp. 14-56.
 2. DAS III, pp. 69, 85.
 3. DAS III, pp, 14-56.

Die Wes-Indiese Kompanjie, 'n lewende nalatenskap

Die Geoctroijeerde Wes-Indische Compagnie (GWC) het Nieuw -Amsterdam aangelê dáár waar New York vandag is, net soos die VOC die stad Kaapstad hier langs Tafelbaai aangelê het. Die GWC het ongeveer 'n eeu-en-'n-half lank alleenreg op die handel tuseen Nederland en Noord- en Suid-Amerika besit. Die GWC was nooit so groot, ryk of invloedryk as die VOC nie. Hul verhale is ook sterk uiteenlopend; die VOC het in Oosterse goedere handel gedryf, die GWC was een van die grootste slawehandelaars van sy tyd. Die VOC se geskiedenis is vandag veel makliker om te ondersoek as die GWC s'n; eersgenoemde se beroemde argief word in verskillende Nasionale Argiewe bewaar. Die GWC se Argief is in 1821 deur die Nederlandse regering opgeveil, waarna dit versprei en grotendeels verlore is. Vandag word die GWC se naletenskap in Noord-Amerika bewaar en ondersoek deur die goed-georganiseerde *New Netherlands Institute* (NNI) met sy eie personeel en ondersteunende borge. Ons plaas met vergunning (en dank aan ons lid Colin Johnstone) die Instituut se jongste nuusbrief, waaruit hul organisasie en aktiwiteite blyk. Lees asseblief die nuusbrief om te sien watter groot dinge nog vir ons Stigting moontlik is:

NEW NETHERLANDS INSTITUTE

"Welcome to the eMarcius, NNI's monthly e-newsletter edited by NNI director Stephen McErleane and brought to you in part by the generous sponsors featured below.

*Something to share? Interested in becoming a sponsor? Reach us at
nni@newnetherlandinstitute.org*

May 2020: Here we are, just under the wire with our May eMarcurius. As Russell Shorto notes below, it is a season of change at NNI: Janny's retirement, a new podcast, a new venture in New York City, a new fund established in the name of our late president Jippe Hiemstra, new content from Chelsea Teale, changes in our board of trustees, the beginnings of a plan for Albany 400 in 2024, new content on our website, and more. Thank you for reading and for supporting the New Netherland Institute."

Ons plaas ook 'n uittreksel om die meegaande foto van die Instituut se gedenkplaat in 'n New Yorkse straat te illustreer.



Cape Town, almost uniquely among world cities, has a single birthday, but... *Like many cities, Albany has several possible birthdates: the 1614 establishment of Fort Nassau (which was *not* built on the foundation of a French chateau), the 1624 establishment of Fort Orange, the 1652 (as seen on this sign outside the Cultural Education Center in Albany) establishment of Beverwijck.*


And two others we don't particularly support: the 1664 establishment of "Albany," and its 1686 incorporation as a city via the Dongan Charter.

2024 seems like a good time to commemorate 400 years. Don't you think? Maybe by then we will have kicked this covid thing. #Albany400

Die SA Kultuurhistoriese Vereniging, 'n sustersvereniging

Ongevraag, en net uit dankbaarheid vir wat die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Vereniging die afgelope vier of vyf dekades vir kultuурgeskiedenis in dié land gedoen het, wil ek graag bogenoemde Vereniging en sy Joernaal aan ons lede bekendstel. Die Vereniging moedig navorsing aan met betrekking tot enige groep of samelewings in S.A., oor die inheemse en die natuurlike kultuurerfenis en oor alle aspekte van Kultuurbewaring. Die Vereniging publiseer twee maal per jaar 'n tweetalige, onafhangklike en geillustreerde tydskrif, genaamd die SA Tydskrif vir Kultuурgeskiedenis, wat artikels deur sy lede verwelkom. (My eie eerste artikel, '*Die naam van Constantia*', is in 1985 in dié joernaal gepubliseer.) Vanjaar, agt die verpligte stilstand van die ganse kulturele samelewings is die tydskrif elektronies gepubliseer. Dit bevat steeds interessante geillustreerde artikels en besprekings deur kundiges van boeke met 'n kultuurhistoriese agtergrond, onder andere ons lid Prof. G. Groenewald (UJ) se artikel oor die historiese wortels van Afrikaans. Ek kan ons lede met vrymoedigheid aanmoedig om by die SAKHV aan te sluit. Belangstellendes kan Leonie Marais-Botes by leoniebotes@gmail.com skakel

Uit die Argief : Uit watter wrak?



Luit. D'Auvergne: 'Plan of the bay...', 1781

Die grootste deel van die rykgelaaide jaarlikse VOC-retoervloot, waarop die maatskappy om finansieëlle oorlewing staat gemaak het, is op 21 Julie 1781 in Saldanhabaai oorgegee aan 'n Britse vlooteskader wat hierheen gestuur is om die Kaap aan te val en vir die English India Company se gebruik oor te neem. Die VOC-skippers het hul bevele om die retoerskepe te verdedig of te verbrand verontagsaam en saam met hul bemannings wal toe gevlug. Net skipper Van Gennep van Middelburg het sy skip aan die brand gesteek. Die Engelse was betyds om Middelburg op sleeptou te neem om hom te laat strand, maar die skip het agter die Hoedjes Punt ontploff en gesink (Kyk 'Wreck of the Middelburg,' middel, links op bostaande kaart van die gebeure).

'The wreck has been worked over by various groups of salvors, most successfully by the Dodds Brothers in 1969.' skryf Malcolm Turner in *Shipwrecks and salvage in S.A.*, p.144. Die vraag is: Watter wrak? Daar was 'n ander een, net langsaan; die Kaapse burger Gerhardus Munnik het op 27 Maart 1792 die Politieke Raad se toestemming gekry om wat hy kon van Middelburg se wrak te lig vir 'n derde deel van die geredde goedere. In 1795 het Munnik se duikers gerapporteer dat daar 'n tweede wrak langs Middelburg gelê het; volgens die oudste inwoners was dit die oorblyfsel van 'n Deense skip wat ongeveer 50 jaar tevore (1740?) daar gesink het. Dié wrak word nie op enigeen van die vele moderne wrakkaarte aangedui nie.

Tydens die sogenaamde 'ontwikkeling' (lees 'verwoesting') van Saldanhabaai in die 1980's is Hoedjespunt aan Marcus-eiland gekoppel om 'n breekwater te vorm, en albei wrakke is sonder 'n navorsingsverslag onder duisende tonne beton begrawe.

[C 228 Resolusies van die Politieke Raad, 23.1.1795, pp.181-182; T. Potgieter in C. de Wet, J.L. Hattingh en J. Visagie (reds.): *Die VOC aan die Kaap, 1652-1795* (Pretoria, 2016) pp. 184-187; M. Turner: *Shipwrecks and salvage in S.A.*, Cape Town, 1988.]

Regstelling

Verwysend na ons kennisgewing oor die afsterwe van die heer W.Punt, in *Generale Missive 1/20*, is ons deur o.a. Prof. Gerrit Schutte daarop gewys dat dit die heer Punt die Jonge is wat vanjaar oorlede is; sy vader is reeds etlike jare tevore oorlede.

'n Stigter van die VOC, sy 'teregstelling' en die verkeerde swaard.



Onthoofding van Van Oldenbarnevelt, en standbeeld, Den Haag. *Historiek*, 14 Mei 2019)

Op 13 Mei 2019 is die 'teregstelling' van die 'Vader van die VOC' Johan van Oldenbarnevelt vier eeue gelede herdenk; die woord 'teregstelling' word in aanhalingstekens geplaas, omdat gerechtigheid min met die saak te doen gehad het. Sewentien jaar tevore (1602) was hy een van die VOC se stigters. Sy onthoofding in Den Haag in 1619 word as een van die mees tragiese gebeurtenisse uit die tyd van die Nederlandse Republiek beskou. Die volgende artikel oor Van Oldenbarnevelt, sy werk en oor die aanklag teen hom, deur Yuri Visser het in *Historiek* (13.3.2019) verskyn:

'De raadpensionaris (Van Oldenbarnevelt), volgens velen een van de grootste staatsmannen uit die vaderlandse geschiedenis, werd het slachtoffer van een politieke moord door aanhangers van prins Maurits van Oranje, de zoon van vader des vaderlands, Willem van Oranje. Johan van Oldenbarnevelt is onder meer de geschiedenisboeken ingegaan als oprichter van de Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC). Ook zorgde hij er mede voor dat de Republiek kon uitgroeien tot een onafhankelijke staat.'

Vanaf de Slag bij Nieuwpoort was de relatie tussen Maurits van Oranje en raadpensionaris Van Oldenbarnevelt steeds slechter geworden. Toen in 1609 het Twaalfjarig Bestand inging, werd de relatie nog slechter. Waar Maurits de strijd wilde voortzetten – onder meer vanwege zijn positie als opperbevelhebber van de strijdkrachten – wilde Van Oldenbarnevelt de strijd tijdelijk staken, omdat dit de handelspositie van de Republiek zou verstevigen.

In het religieuze conflict tussen remonstranten en contra-remonstranten koos Maurits, anders dan de raadpensionaris, de zijde van de contra-remonstranten. Van Oldenbarnevelt vreesde toen dat stadhouder Maurits aanstuurde op een staatsgreep, en liet in 1617 door de Staten van Holland de zogenaamde Scherpe Resolutie aannemen. Hierin werd bepaald dat troepen die door Holland werden betaald ook alleen aan de regering van Holland mochten

gehoorzamen. Ook werd vastgesteld dat de steden in Holland ieder hun eigen religieuze en politieke zaken mochten regelen. Zo mochten ze bijvoorbeeld zelf soldaten, zogenaamde waardgelders, aannemen om de orde te handhaven. In sommige steden waar de remonstranten in de meerderheid waren, werden inderdaad waardgelders aangesteld.

Maurits was van mening dat de Scherpe Resolutie zijn rol als opperbevelhebber van het leger zwaar aantastte. Nadat de Staten-Generaal de stadhouder een dictatoriale volmacht had verleend, kwam de zaak in een stroomversnelling. Maurits liet de waardgelders ontslaan en belangrijke leden van de oppositie arresteren. Onder hen ook Johan van Oldenbarneveldt, Hugo de Groot (die later in een boekenkist zou ontsnappen uit Slot Loevestein) en Rombout Hogerbeets. Eerstgenoemde werd op 12 mei 1619 tijdens een showproces wegens land- en hoogverraad ter dood veroordeeld. Van Oldenbarneveldt zou zijn oren te veel naar Frankrijk en Spanje hebben laten hangen.

De landsadvocaat was na zijn veroordeling uit het lood geslagen. Hij had verwacht dat oude vrienden het voor hem op zouden nemen, maar het bleef stil. Zijn knecht Jan Francken bleef wel tot het laatste moment bij hem. Hij zou later ook een uitgebreid verslag schrijven over de laatste dagen van Johan van Oldenbarneveldt. De landsadvocaat kon die nacht de slaap niet vatten en vroeg zijn knecht: "Jan, zul je tot ook het allerlaatste toe bij me blijven?" Zijn knecht zegde dit toe. Van Oldenbarneveldt schreef die avond nog een aanbeveling voor hem.

De executie vond enkele uren later plaats, op 13 mei 1619. De eenenzeventigjarige staatsman werd naar het schavot op het Binnenhof in Den Haag geleid en kreeg nog heel even de gelegenheid om de toegestroomde menigte toe te spreken. Johan van Oldenbarneveldt sprak toen de beroemde woorden: "Mannen, gelooft niet dat ik een landverrader ben, ik heb orecht en vroom gehandeld, als een goede patriot, en zo zal ik sterven."

Zijn allerlaatste woorden luidden: "Maak het kort, maak het kort." Of Van Oldenbarneveldt het tegen de beul had of tegen zijn trouwe knecht Jan Francken die afscheid wilde nemen, is nooit duidelijk geworden. Na zijn executie werd Johan van Oldenbarneveldt bijgezet in een grafkelder onder het Binnenhof. Later kreeg zijn familie toestemming het lijk over te kisten in een eikenhouten kist. Volgens sommige berichten zou Van Oldenbarneveldt hierna op een andere plaats zijn herbegraven.

Twee zonen van de raadpensionaris beraamden enige tijd later een aanslag op het leven van prins Maurits. Deze aanslag mislukte echter. Een van deze zonen, Reinier, werd gepakt en net als zijn vader in Den Haag onthoofd.

In de collectie van het Rijksmuseum in Amsterdam bevindt zich een zwaard waarvan wel beweerd is dat het het beulswaard is waarmee Van Oldenbarneveldt in 1619 werd onthoofd. Of dit werkelijk zo is, valt niet meer na te gaan. In het lemmet van het zwaard werd rond 1750 in opdracht van de toenmalige eigenaar, Frans Greenwood, wel een gedicht gegraveerd dat herinnert aan de beruchte executie: "Stokoude schuldeuze Helt, rampzalige Oldenbarneveldt, Dit zwaard sloeg door uw hals den Staat een diepe wonde in zynen Raadt, toen op het Haagse moortschavot Uw dierbaar leven wierd geknot." [Yuri Visser: *Historiek*, 13. 3. 2019.]

In Maart 2020 is die programreeks *Historisch Bewijs* plaaslik op die BVN-TV (kanaal 431) vertoon, waarin die Rijksmuseum se kundiges, met gebruik van die mees moderne wetenskaplike middele en argivale dokumente die egtheid ondersoek van verskeie artefakte uit sy reuse-versameling, onder andere bogenoemde beulswaard, die gepekelde tong en vinger van Johan de Wit en die beroemde boekekis waarin Hugo de Groot uit Slot Loevenstein gesmokkel is. Hul bevindings: Die boekekis? Nee; die hout is te jonk. Die gepekelde tong en vinger? Moontlik; die DNS stem ooreen met die van sy ouers, uit hul graf in Dordrecht. Die beulswaard? Nie die Rijksmuseum se swaard nie, maar 'n ander wat in uitsland bewaar word, is die outentieke een waarmee Van Oldenbarneveldt in 1619 onthoof is.

Behouwde vaert / Selamat jalan

D. Sleigh (Dr): Redakteur

Jean Sleigh: Tegnies

16 Junie 2020